**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**SKILDERKUNS SG**
**(OOP)**

---

**MOET OP 16 MEI 2005 OOPGEMAAK WORD**

**INSTRUKSIES AAN KANDIDATE EN ONDERWYSERS:**

- Algemene instruksies vir **SKILDERKUNS SG** (wat die vereistes vir sowel die Jaarwerk as vir die Oop Eksamen vraestel bevat) is reeds in die eerste termyn van 2002 deur die Gautengse Departement van Onderwys aan opvoeders en kandidate gestuur: CASS PORTFOLIO-ART 2 SUBJECTS.
- Verwys asseblief na die inlewerprosedures, soos aangetoon op bladsy 12.

---

1. **TEMA**:

**"KYK VERBY DIE REFLEKSIE IN DIE SPIEËL"**

**"As ? kunstenaar bestudeer jy die wêreld om jou as ? kristalbal (? spieël) in ? poging om iets nuuts te ontdek en om iets te skep wat meer beteken / simboliseer as wat met die oog waargeneem kan word."**

**Vir hierdie eksamen-opdrag moet jy REFLEKSIES en SKADUWEES ondersoek en in jou eie finale kunswerk gebruik.**

- **Refleksie**: Terugkaatsing, ? weerspieëling van ? beeld op die oog en verstand wat presies ooreenkom met die werklike voorwerp.
- Ondersoek gereflekteerde oppervlakke om jou, die grenslose web van ? refleksie in ? refleksie, en ook die abstraksie van refleksies en skaduwees in ? poging om by jou eie interpretasies van die tema uit te kom.
- Refleksies kan op enige manier geïnterpreteer word. Bv: die kunstenaar reflekteer oor die verlede (bepeins dit) om sodoende lig (insig) te werp op die toekoms. Mites van die kunsgeskiedenis en geskiedenis kan ondersoek word om te wys dat die manier waarop die verlede geïnterpreteer word, feite kan verdraai net soos spieëlbeelde die werklikheid kan verwring en sodoende sekere waarhede / feite kan openbaar, veral oor die kunsskeppingsproses.
- Refleksies kan ook as ? metafoor gesien word van die moderne verskynsel van selfabsorpsie en selfliefde, soos dit in baie kunstenaars se selfportrette deur die eeue heen duidelik is.

- Refleksies kan ook as ? sinoniem vir die TROMP L'OEIL-skildertegniek gesien word weens die intensie om die toeskouer se oog met die werklikheid te verkul.

1.1 **INTERPRETASIE VAN DIE TEMA**

Gebruik **een of meer** van die gegewe idees as ? vertrekpunt en gee jou eie interpretasie van die tema: **"KYK VERBY DIE REFLEKSIE IN DIE SPIEËL"**.

- Die interpretasie van hierdie tema word oopgestel aan ? wye verskeidenheid van moontlikhede. ? Eensydige interpretasie van die tema moet vermy word.

- Die kunstenaar kan en is geregtig om sy artistieke vryheid te benut, om sodoende die wêreld (en die lewe in die algemeen) te interpreteer volgens sy / haar eie unieke visie.

- Hierdie **tema** vra vir jou interpretasie van **"KYK VERBY DIE REFLEKSIE IN DIE SPIEËL"** in jou eie **of** iemand anders se lewe, in die toekoms, hede of die verlede.

- Probeer om die hede en die verlede, die private en openbare te kombineer, om die toeskouer uit te nooi om sy eie interpretasie te maak van **"KYK VERBY DIE REFLEKSIE IN DIE SPIEËL"**, wat ons almal eer.

- Een van die mees uitstaande kenmerke van die POST-MODERNISME-beweging is die konseptuele dimensie daarvan. Bestudeer die impak van konseptuele kuns op Suid-Afrikaanse en Internasionale Skilders sedert 1980.

- Bevestig die geldigheid van **"KYK VERBY DIE REFLEKSIE IN DIE SPIEËL"** in ons Post-moderne gemeenskap. Mense in ? multi-kulturele, klas-georiënteerde gemeenskap sal almal verskillende ikone hê wat vir hulle belangrik is in hulle eie lewens. Waarom wil ons die werklikheid altyd idealiseer? Hoekom wil ons onsself altyd as perfek voorstel, sonder moesies en plooie?

- Bestudeer die impak van **"KYK VERBY DIE REFLEKSIE IN DIE SPIEËL"** in jou eie of in enige iemand anders se lewe. Sportmanne, politici, historiese figure, religieuse kenners en vermaaklikheidsterre sal almal mense op verskillende wyses beïnvloed: Vra jouself die vraag of die media en TV nie dalk die werklikheid verdraai nie.

- Kombineer jou navorsing met die ontwikkeling van jou eie interpretasie van die tema aan die hand van sketse en voorbereidingswerk in jou werkboek.

- Die finale skildery moet jou eie gevolgtrekking wees van **"KYK VERBY DIE REFLEKSIE IN DIE SPIEËL"** in jou eie verkose konteks.

- Daar is nie ? regte of verkeerde interpretasie by hierdie tema nie.

1.2 **OPDRAG**

Die tema **"KYK VERBY DIE REFLEKSIE IN DIE SPIEËL"** moet jou verwysingspunt wees vir sowel die werkboek, (navorsingsopdrag en voorbereidende tekeninge) as die finale praktiese werk(e).

1.3 **DIE EKSAMEN-WERKBOEK**

- Skep ? **A3-werkboek** waarin jy die navorsingsopdrag doen en jou idees ontwikkel oor die tema **"KYK VERBY DIE REFLEKSIE IN DIE SPIEËL"**.

- **Voltooi AFDELING A en AFDELING B in die werkboek**.

- Maak seker dat jy uitgebreide visuele bronne raadpleeg en onderneem jou eie oorspronklike navorsing (vir die praktiese werk(e) en navorsingsboek) voordat jy aan jou finale werk(e) begin werk.

- Onthou dat die tema vanuit ? meer konseptuele of simboliese uitgangspunt benader mag word.

1.4 **WERKBOEK**

**AFDELING A: NAVORSINGSOPDRAG** **[25]**

1.4.1 **DEEL 1: NAVORSING (Kunstenaar geassosieer met die tema)** (5)

In die navorsingsopdrag moet jy die tema: **"KYK VERBY DIE REFLEKSIE IN DIE SPIEËL"** ondersoek in die gemeenskap deur ? VERGELYKING op te stel van die werke van <u>**TWEE kontemporêre kunstenaars, een Suid-Afrikaanse en een Internasionale kunstenaar (na 1980) van jou keuse**</u> wat ? ooreenkoms met die gegewe tema toon.

Motiveer in **500 – 800 woorde (tesame met visuele verwysings-materiaal)** waarom jy dié kunstenaars gekies het.

Jy mag enige relevante bronne bv. onderhoude, koerante en tydskrifartikels, kunsgeskiedenisboeke en multimedia soos die Internet gebruik, maar moet ? <u>**BIBLIOGRAFIE**</u> verskaf.

1.4.2 **DEEL 2: NAVORSING (Kunswerke-ontleding)** (10)

Jy moet ? **ANALISE** (tussen 500 – 1 000 woorde) van ? bekende **SKILDERY** van jou eie keuse doen wat die tema **"KYK VERBY DIE REFLEKSIE IN DIE SPIEËL"**, of aspekte van die tema, uitbeeld.

**SLUIT ASSEBLIEF 'N FOTOSTATIESE AFDRUK OF 'N LYN-TEKENING VAN DIE VERKOSE SKILDERY IN.**

Hierdie afdeling MOET NIE as ? opstel geskryf word nie, maar eerder ? kreatiewe aanbieding wees waarin die kunswerk met onder andere, transparante, simbole, blaaibord-blaaie, ens. opgedeel en geanaliseer kan word.

1.4.3 **DEEL 3: NAVORSING (Persoonlike benadering en verwysingsmateriaal)** (10)

**FAKTORE VERWANT AAN DIE TEMA**

**"KYK VERBY DIE REFLEKSIE IN DIE SPIEËL"**

1. **Beantwoord die vrae soos uiteengesit in die verduideliking van die tema op bladsy 3 van hierdie vraestel en plak foto's, prente en ander visuele materiaal wat jou idees vir jou finale skildery geïnspireer het in jou werkboek.**

2. Versamel inligting, dokumenteer dit en lewer kommentaar oor aspekte wat nou verwant aan die gegewe tema is in **± 500 woorde** (met interaksie van die teks, visuele verwysingsmateriaal en klein sketsies). Hierdie faktore kan jou eie of ? ander se kultuur, tradisies, geloof, mites en politiek, ens. insluit en kan ook as stimulerende bron van verwysingsmateriaal vir jou eie asook ander kunstenaars se skilderye dien.

**NB.** **Hierdie opdrag moet nie as ? opstel geskryf word nie, maar moet ? annotasie van geselekteerde beelde wees, bv. ? COLLAGE van teks en visuele beelde**, jou **eie foto's** en / of sentimentele / persoonlike memorabilia (gedenkwaardighede).

**'N BIBLIOGRAFIE moet ingesluit word.**

Navorsing wat direk vanaf die INTERNET of ander elektroniese media verkry is, sal streng gepenaliseer word. Die navorsing moet die leerder se eie werk wees. Enige vorm van plagiaat of direkte uittreksels uit bronnemateriaal sal nie aanvaar word nie.

1.5 **WERKBOEK**

**AFDELING B: TEKEN- EN VOORBEREIDINGSWERK** **[25]**

- Voldoende tekeninge / sketse en voorbereidingswerk vir die finale SKILDERY(E) moet in die **A3-eksamenwerkboek** gedoen word. (Verwys na die inligtingstuk vir SKILDER 604-2/0.)

- **<u>VOORBEREIDINGSWERK</u>** moet ? duidelike ontwikkeling uitbeeld van die konsepontwikkeling van jou finale skildery. Dit moet insluit ? variasie van voorbereidingswerk: sketse en kleurstudies wat in ? verskeidenheid van materiale uitgevoer is. Moenie net eksperimente in verskillende tegnieke insluit nie, pas hierdie tegnieke op verskillende tekeninge/voorbereidings-werk toe wat op die finale skildery van toepassing is. (15)

- Voltooi minstens **EEN A3-tonale skets** wat die finale werk of konsep uitbeeld. (10)

2. **FINALE PRAKTIESE WERK(E)**

- Voltooi minstens EEN skildery, gebaseer op bogenoemde tema. Indien jy verkies om meer as een te doen mag dit totaal en al ander interpretasies van die tema uitbeeld, of dit kan verband hou met mekaar, deur die interpretasie van die tema (? reeks), of dit kan in die formaat van ? diptiek (twee), triptiek (drie) of ? poliptiek (meer as drie dele) wees wat EEN beeld of konsep uitbeeld.

- Die **GROOTTE** van die finale werk(e) mag deur jouself vasgestel word, maar moet bewys lewer van jou eie betrokkenheid en verbintenis oor die hele eksamentydperk.

- Vir die **FINALE SKILDERY** mag enige skildermedium of kombinasie van media gebruik word, solank daar kleur gebruik word. Monochromatiese werke sal slegs aanvaar word, indien dit in ? skildermedium uitgevoer is.

3. **INLEWERINGSDATUM**

Die volledige werkboek en die finale werk(e) moet om **12:00** op **16 September 2005**, aan die skool se eksamenkommissaris gegee word.

**DIE WERK MOET OP DIE SKOOLPERSEEL IN VEILIGE BEWARING GEHOU WORD TOT EN MET DIE DAG VAN DIE NASIENSESSIE WANNEER JYSELF (DIE LEERDER) VIR DIE UITSTAL DAARVAN BY 'N LOKAAL WAT DEUR DIE EKSAMINATOR BEPAAL SAL WORD VERANTWOORDELIK IS.**

Alle jaarwerke (minimum 2) en jaarwerk-boeke MOET OOK BY DIE UITSTALING UITGESTAL WORD. Leerders moet asseblief alle werke en boeke duidelik merk met ? etiket JAARWERK / EKSAMENWERK. Bring asseblief jou eksamennommer professioneel aan op alle kunswerke en etikette; moet asseblief nie Tipp-ex vir die doel gebruik nie.

## 4. PUNTETOEKENNING

### 4.1 EKSAMEN: (VRAESTEL)

A. **Werkboek:** **<u>Afdeling A</u>** – Navorsingsopdrag (25 punte)
B. **Werkboek:** **<u>Afdeling B</u>** – Tekeninge en voorbereiding (25 punte)
C. Finale praktiese werk(e) (100 punte)

**SUBTOTAAL: [150 punte]**

### 4.2 JAARWERK:

- Voltooi voor Junie 2005, gedurende die Gr. 11- en Gr. 12-jaar (slegs die laaste skildery van die Gr. 11-jaar mag vir die assesserings- uitstallings gebruik word).
- Die jaarwerk-vereistes vir die assesseringsuitstalling (en CASS-punte) is ? minimum van 2 skilderye en ? navorsingsboek wat saam met die eksamenwerk <u>uitgestal</u> moet word en gemodereer sal word.
- Slegs skilderye wat vir CASS-assessering vir die vak Skilder (604-2/0) gebruik is, mag uitgestal word. Moet nie die uitstalling "verfraai" met irrelevante werke, skilderye, ontwerpe, sketse of beelde nie. Jy sal gepenaliseer word!
- Die CASS-werk (Jaarwerk) sal net gemodereer word, maar moet saam met die relevante CASS-dokumente in die onderwyser se portefeulje uitgestal word.
- Indien die eksaminator onreëlmatighede met die CASS-punte teëkom, sal die hele sentrum se Jaarwerke weer gemerk word en CASS-punte dienooreenkomstig aangepas word.

A. **Werkboek:** **<u>Afdeling A</u>** – Navorsingsopdrag (25 punte)
B. **Werkboek:** **<u>Afdeling B</u>** – Tekeninge en voorbereiding (25 punte)
C. Finale praktiese werk(e) (100 punte)

**SUBTOTAAL: [150 punte]**

**TOTAAL: 300**

**NB BYLAE A, B EN C VOLG OP DIE VOLGENDE BLADSYE.**

## ADDENDUM A / *BYLAAG A*

This addendum must be filled in, copied, signed and pasted on the front covers of the Examination Workbook and the Yearwork Book.

*Hierdie bylaag moet ingevul, gekopieer, onderteken en op die voorblaaie van die Eksamenwerkboek en Jaarwerk-boek geplak word.*

Indicate with a cross (X) whether this is the Yearwork Book or the Examination Workbook.

*Dui met ? kruis (X) aan of hierdie die Jaarwerk-boek of die Eksamenwerk-boek is.*

| | |
|---|---|
| **YEARWORK BOOK**<br>***JAARWERK-BOEK*** | |
| **EXAMINATION WORKBOOK**<br>***EKSAMENWERK-BOEK*** | |

**2005 OPEN EXAMINATION / *2005 OOP EKSAMEN***

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Name of Subject / *Vaknaam*** | |
| **2** | **Code of Subject / *Vakkode*** | |

**Declaration / *Verklaring***

| | |
|---|---|
| **This work was done under the supervision of the Art educator and without the help of anybody else.**<br><br>**This is to certify that all work submitted is the original and own work of the candidate.** | ***Hierdie werk is onder toesig van die Kunsopvoeder, sonder enige hulp van enigiemand anders, gedoen.***<br><br>***Hiermee word gesertifiseer dat alle werk wat ingelewer is, die oorspronklike en eie werk van die kandidaat is.*** |

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Examination Number / *Eksamennommer*** | | | | | | | | | | | | | |

| | **Sign / *Teken*** | **Date / *Datum*** |
|---|---|---|
| **Principal / *Hoof*** | | |
| **Examination Commissioner / *Eksamenkommissaris*** | | |

**ADDENDUM B / *BYLAAG B***

**NB: SEND TO EXAMINER BEFORE 1 SEPTEMBER 2005**
***LW: STUUR AAN EKSAMINATOR VOOR 1 SEPTEMBER 2005***

**NUMBER OF CANDIDATES ENROLLED FOR PAINTING SG 604-2/0**
***GETAL KANDIDATE INGESKRYF VIR SKILDERKUNS SG 604-2/0***

**SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION: 2005**
***SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN: 2005***

**SCHOOL** / ***SKOOL*** : ________________________ **DATE** / ***DATUM*** : ________________________

**ADDRESS** / ***ADRES*** : ____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

**TEL. NO.** / ***TEL. NO.*** : ________________________ **FAX NO.** / ***FAKS NO.*** : ________________________

**CENTRE NUMBER** / ***SENTRUMNOMMER*** : ________________________________________________

**ART EDUCATOR** / ***KUNSOPVOEDER*** : ____________________________________________________

**PRINCIPAL** / ***HOOF*** : ____________________________________________________________

**OPEN EXAMINATION 2005 / OOP EKSAMEN 2005**

**PAINTING / SKILDERKUNS SG 604-2/0**

Please note that centre number ______________________________ has fewer than ten/more than ten candidates enrolled for PAINTING SG for the Senior Certificate Examination for 2005. The exact number of candidates is: _____________

*Let asseblief daarop dat sentrumnommer __________________________ minder as tien/meer as tien ingeskrewe kandidate het in die vak SKILDERKUNS SG vir die Seniorsertifikaat-eksamen van 2005. Die ingeskrewe getal kandidate is: _________*

**PLEASE FAX ADDENDUM B TO MRS S DA SERRA (EXAMINER)**
**FAX (012) 807 0109 BEFORE 1 SEPTEMBER 2005**
***FAKS ADDENDUM B NA MEV.S DA SERRA (EKSAMINATOR)***
***FAKS (012) 807 0109 VOOR 1 SEPTEMBER 2005***

**ADDENDUM C(1) / *BYLAAG C(1)***

**DECLARATION BY THE ART EDUCATOR**
***VERKLARING DEUR DIE KUNSOPVOEDER***

**WORKS SUBMITTED TO THE EXHIBITION VENUE TO BE HANDED TO THE PERSON IN CHARGE OF THE EXAMINATION VENUE**

***WERKE INGELEWER BY DIE UITSTALLOKAAL WAT AAN DIE PERSOON IN BEHEER VAN DIE EKSAMENLOKAAL OORHANDIG MOET WORD***

**SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION 2005**
***SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN 2005***

I, the art educator of ______________________________________________ centre number __________________________ declare that ________________ candidates' complete work (paintings and workbooks) were handed to this exhibition venue __________ to ____________ (person in charge) for evaluation on this _______ day of ___________ 2005 for the subject PAINTING SG 604-2/0.

*Ek, die kunsopvoeder van ________________________________________________, sentrumnommer ___________________________, verklaar hiermee dat _____________ kandidate se voltooide werke – eksamen- en jaarwerk (skilderye en werkboeke) by hierdie uitstallokaal ___________ aan ____________________ persoon in beheer oorhandig is vir ? evalueringsuitstalling op hierdie ___________ dag van ____________________ 2005 vir die vak SKILDERKUNS SG 604-2/0.*

| ______________________ | ______________________ |
|---|---|
| **ART EDUCATOR** | **EXHIBITION CO-ORDINATOR** |
| ***KUNSOPVOEDER*** | ***UITSTALLINGSKOÖRDINEERDER*** |

## ADDENDUM C(2) LIST OF CANDIDATES / *BYLAAG C(2) LYS VAN KANDIDATE*

| NO.<br><br>*NO.* | CENTRE NO.<br><br>*SENTRUM NO.* | CANDIDATE NO.<br><br>*KANDIDAAT NO.* | TOTAL NUMBER OF YEARWORK BOOKS<br><br>*TOTALE GETAL JAARWERK-BOEKE* | TOTAL NUMBER OF EXAMINATION WORKBOOKS<br><br>*TOTALE GETAL EKSAMEN-WERKBOEKE* | TOTAL NUMBER OF YEARWORKS HANDED IN FOR EVALUATION<br>*GETAL JAARWERKE INGELEWER VIR EVALUERING* | TOTAL NUMBER OF EXAM WORKS HANDED IN FOR EVALUATION<br>*GETAL EKSAMEN-WERKE INGELEWER VIR EVALUERING* | DATE HANDED IN AT VENUE<br><br>*DATUM INGE-LEWER BY PLEK* | DATE COLLECTED AT VENUE<br><br>*DATUM AFGEHAAL BY PLEK* | CANDIDATE'S SIGNATURE<br><br>*KANDIDAAT SE HANDTEKENING* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | | | | | | |
| 2 | | | | | | | | | |
| 3 | | | | | | | | | |
| 4 | | | | | | | | | |
| 5 | | | | | | | | | |
| 6 | | | | | | | | | |
| 7 | | | | | | | | | |
| 8 | | | | | | | | | |
| 9 | | | | | | | | | |
| 10 | | | | | | | | | |
| 11 | | | | | | | | | |
| 12 | | | | | | | | | |
| 13 | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | |
| 18 | | | | | | | | | |
| 19 | | | | | | | | | |
| 20 | | | | | | | | | |

P.T.O / b.o.

## SUBMISSION PROCEDURES

All schools must ensure that the art educator adheres to the following guidelines with regard to the handing in of practical work(s):

- Exam centres will not receive mark sheets for practicals. CASS mark sheets will, however, be distributed to each centre.
- The duly completed CASS mark sheet together with all the related practical pieces of work, (Workbooks, Yearbooks, Final Artworks) must be handed over to the school's Senior Certificate Exam officer by no later than 16 September 2005.
- Attendance registers will also be sent to schools for all ART II subjects. Registers, duly completed, must be submitted with the completed CASS mark.
- The marking schedule/roster for all Art II subjects will be sent to schools in August 2005.

## INHANDIGINGSPROSEDURES

Alle skole moet seker maak dat die Kunsopvoeder die volgende riglyne vir die inlewering van alle praktiese werk(e) nakom:

- Die puntestate vir die praktiese werk sal nie na die eksamensentrums gestuur word nie. CASS-puntestate sal egter na elke sentrum gestuur word.
- Die CASS-puntestaat moet behoorlik ingevul word en saam met al die betrokke praktiese werkstukke (werkboeke, jaarboeke, finale kunswerke) by die skool se Seniorsertifikaat-beampte ingelewer word nie later nie as 16 September 2005.
- Bywoningsregisters sal ook na skole gestuur word vir al die KUNS II-vakke. Registers, behoorlik en betyds ingevul, moet saam met die ingevulde CASS-punt ingelewer word.
- Die nasienrooster vir alle KUNS II-vakke sal in Augustus 2005 aan skole gestuur word.

END / *EINDE*